**Skriflesing:** 1 Timotheus 5: 17 – 25
Teks: **1 Timotheus 5:21**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 122: 1,2**
**TYDENS EREDIENS - Sb. 2-2 (34) :1, 3; Ps. 40:4,5; Ps. 46:1,6; Ps. 20:1,2,4**

**1 Timotheus 5: 17 – 25**

1Ti 5:17 Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard
werk deur te preek en onderrig te gee,
1Ti 5:18 want die Skrif sê: "Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie," en ook:
"Die arbeider is geregtig op sy loon."
1Ti 5:19 'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies
bevestig word.
1Ti 5:20 Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf sodat die ander ook afgeskrik kan
word.
1Ti 5:21 Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus en die uitverkore engele om jou aan hierdie
voorskrifte te hou sonder vooroordeel of partydigheid.
1Ti 5:22 Moenie iemand oorhaastig die hande oplê en jou so aan die sondes van 'n ander medepligtig
maak nie. Sorg dat jy onberispelik bly.
1Ti 5:23 Moenie langer net water drink nie. Gebruik 'n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde
ongesteldhede.
1Ti 5:24 Party mense sondig so openlik dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel toe. By
ander kom die sondes eers later aan die lig.
1Ti 5:25 So is dit ook met goeie dade: almal kan dit sien. En dié wat nie sigbaar is nie, kan nie
verborge gehou word nie.

**Skriflesing:** 1 Timotheus 5: 17 – 25
Teks: **1 Timotheus 5:21**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 122: 1,2**
**TYDENS EREDIENS - Sb. 2-2 (34) :1, 3; Ps. 40:4,5; Ps. 46:1,6; Ps. 20:1,2,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Paulus kon op voortreflike wyse die onderskeid tussen mans en vroue afwissel. Hoe die een nie sonder die ander een in God se kerk kan werk nie, behoort al vir ons baie duidelik te wees. Ons word herinner aan hoe daar in God se huisgesin, sy kerk vir alle mense gebid moet word. Daarmee het hfst. 2 begin. Toe het Paulus gewys na hoe mans met heilige hande omhoog, sonder woede en rusie op elke plek moet kan bid.

Daar moet in die kerk, in besonder op die plek waar die kerk saamkom en daar 'n erediens gehou mag word afsonderlik na mans en vroue gekyk word. Die mans moet daar saamkom sonder onmin en twis, die vroue moet daar saam wees, sonder uitlokkende klere en hare en juweliersware. Vroue moet in die erediens deur goeie werke gedra word, werke waarin hulle openlik wys hulle die Here dien. Daar plaas die Here 'n verbod daarop dat vroue nie in die erediens leiding in die prediking en onderrig mag neem nie, ja sy *moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer.* Daarmee het hfst. 2 geëindig, deur geen vrou te verneder nie, maar haar ere posisie in God se kerk is om saam met haar kinders wat sy in die wêreld en meer in besonder in God se kerk kon inbring, in haar geloof en in haar liefde en in haar heilige lewe te volhard.

Dadelik het hfst. 3 weer hoofsaaklik oor mans gegaan Die eienskappe waaraan ’n ouderling, maar ook waaraan ’n diaken in God se kerk moet voldoen. Breedvoerig word hulle gawes, hulle karakter, hulle gedrag, hulle gesinslewe aan die orde gestel. Alles in verband met hoe die man ook met sy vrou en kinders handel, weereens die huisgesin. Iemand wat sy eie huisgesin nie goed kan regeer nie, m.a.w. ’n man wat nie weet wat dit is om op gehoorsame wyse aan God sy eie huisgesin goed kan regeer nie, mag in God se huisgesin nie in die amp wees nie (3 vv. 4-5,12). Hoe kan hy hoof in God se huisgesin wees, as hy in sy eie huis sy hoofskap nie in Christus bedien nie! Ook die vroue van diakens het in die hoofstuk ’n besonder afwisselende rol om te vervul. Hfst. 3 vers 11- *11 Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.* Hoofstuk 3 het geëindig met wat as hooflyn dwarsdeur die brief loop. Ons as gemeente is ’n draer en beskermer van die waarheid, ja God se waarheid. Daarom moet elkeen, man en vrou altyd diep onder die indruk wees hoe ons ons in God se huisgesin moet gedra.

***

So het hfst. 4 toe gekom met die feit daar gaan baie mense wees, ja hulle gaan al hoe meer word, wat hulle nie sal wil gedra nie. Die waarheid word al hoe minder beskerm en uitgedra! Hfst. 4 het begin met die feit dat soos wat die tyd aanstap die afval en die dwalinge al meer gaan word. Mense met toe geskroeide gewetens gaan die kerk omring. Die dwalinge handel oor die basiese dinge in die lewe. Rondom sekere kosse wat nie geëet mag word nie en selfs die huwelik word geminag. Hfst. 4 vers 3 wil hierdie dwaalleraars ’n verbod op die huwelik plaas. Weereens word die huisgesin aangeval, want daar sou nie ’n gesonde huisgesin kon wees as daar nie ’n gesonde huwelik is nie. Daarom dat ook ’n baie belangrike saak in hfst. 4 hanteer moes word dat elkeen in die kerk, man en vrou moet op hulle leer en lewe besondere aandag gee. Ons moet ons daarop toelê was die opdrag. Deur dit te doen, sal *jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.*

***

Verlede Sondag het hfst. 5 weer in die grootste gedeelte oorbeweeg na die vroue in die Here se kerk. Veral vroue wat al swaar gehad het. Hoe die kerk vir sulke vroue tot hulp moet moet wees maar ook hoe hierdie vroue op hulle beurt vir die kerk tot hulp kan wees. Veral hanteer die hoofstuk die plek van weduwees. Jonger weduwees, maar ook ouer weduwees. Die kerk moet kan vermaan en versorg. Ons het gewys op die pastorale bewoënheid wat in alles belangrik moet wees. Weduwees wat swaarkry en werklik alleen is, mag verwag dat hulle gehelp moet word. Ons het ook die praktiese reëling gehoor dat weduwees 60 jaar en ouer se name op ’n aparte lys kan kom want hulle kan op ’n diakonale wyse, sonder dat dit nodig is

dat hulle in die amp van diaken bevestig moet wees, andere help met die opvoeding van hulle kinders, vreemdelinge te huisves. Help met higiëne waar gelowiges se voete gewas moes word, help ook die verdruktes, sy moet goed doen waar sy kan. So vind die afwisseling tussen die manne en vroue in die Here se kerk op aangrypende wyse plaas, want aan die einde van hfst. 5, ons gelese gedeelte vandag, word weer hoofsaaklik op die manne gelet.

***

Dit raak vandag in besonder weer die manne wat ouderlinge is, Timotheus as predikant was ingesluit by die ouderlinge. Hoofstuk 3 was al met die ouderlinge besig maar vandag se hoofstuk 5 is dit asof die kolletjie op die i gesit word. Fyn word hier gewerk waar ouderlinge in baie opsigte oortuig moet wees, waarmee is hulle regtig besig as hulle ouderlinge is. Besef hulle werklik nog die gewigtigheid van hulle taak waarmee God in sy huisgesin hulle geroep het. Ons sien hoe die die ouderling ook in die geval na drie kante na gekyk moet word. Eerste dan, is jou roeping nog jou erns? Tweedens, hoe moet daar oor die amp gewaak word. In die laaste plek, hoe jy oor jouself die wag moet hou.

***<u>Is jou roeping nog jou erns?</u>***

Vers 21, ons teksverse ... *21 Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus en die uitverkore engele om jou aan hierdie voorskrifte te hou sonder vooroordeel of partydigheid.* Ernstiger kon dit nie gestel geword nie. Die 2020 vertaling stel dit dan ook- *21 Ek vermaan jou ernstig voor God en Christus Jesus en die uitverkore engele om hierdie dinge sonder vooroordeel te onderhou, en niemand te begunstig nie.* Ons kom agter Paulus laat Timotheus en alle ouderlinge in dieselfde posisie as hy goed verstaan ons gaan nie hieroor praatjies maak nie. Hierdie is ’n opdrag- *Ek beveel jou ...* dit is nie asof dit maar net ’n voorstel is nie, maar hieraan moet ons gehoorsaam wees, of ons wil of nie.

Timotheus sou na drie kante die erns hiervan moes besef. Ons staan vandag voor dieselfde erns. Jy staan voor God as ouderling, jy staan voor Christus as ouderling, jy staan vóór die uitverkore engele as ouderling. God wat alles geskape het, Hy die almagtige, Hy is heilig, as ouderling staan ons voor Hom. Christus, die Seun van God, van ewigheid af is Hy God, **een in wese met die Vader, deur Wie alles tot stand gekom het. Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God,** so bely ons dit in die belydenis van Nicea. As ouderlinge en gemeente moet ons ons aan Hom kan verantwoord. Ons staan ook voor die uitverkore engele, ja die heilige wesens, wat die getal onbekend is maar in hulle duisende en duisende was hulle ná die sondeval in die engele-wêreld, was hierdie uitverkorenes nog altyd aan God getrou. Hierdie engele sien wat ons doen Hulle is die getuies as die dag aanbreek wanneer

ons ook voor die regterstoel van God sal kom staan. Matt. 25: 31-32 beskryf hierdie dag- *31 "Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. 32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei.*

As ons al hierdie groot dinge hoor staan dit uit- Timotheus jou roeping moet jou erns wees! Ons mag in geen opsig ligtelik met die dinge van die Here omgaan nie. Daarom is die opdrag wat nou geld, doen die dinge soos vir die Here. Jy staan voor die Vader, die Seun en sy engele. In die Heilige Gees sal jy moet bid en werk, maar ook weer werk en bid. *(Ora et labora)* Wanneer die Here ons vandag die erns van ons roeping laat raaksien, dan gaan dit tegelyk ook oor ons tweede gedagte ...

***Hoe moet daar oor die amp gewaak word?***

Predikante, ouderlinge maak dikwels die fout en dit is baie se uitgangspunt, ons moet mense tevrede stel. Ons staan voor mense in die bediening, nooit nie! Duidelik gaan dit om die Vader, om Christus en sy uitverkore engele voor Wie ons staan. Ons staan nie voor mense nie, maar voor die heilige God. Hy wat vir ons in die voorlaaste hoofstuk van Timotheus uitspel wanneer 'n ouderling, ook 'n leer ouderling, in sy roeping en werk getrou is, moet dubbele erkenning kry. Die erkenning handel rondom prediking en onderrig. Daarsonder kan die kerk nie kerk wees nie. Paulus sien ook 'n voortsetting in wat God met die stam van Levi gedoen het, die stam waaruit die tempeldiens verrig moes word. Hulle in die tempel moes vanuit die tempel lewe. Hulle lewensonderhoud was deel van wat die tempeldiens ook was. Hy wat die Woord bedien moet vanuit die Woord kan lewe. Aangrypend hoe Paulus hom ook vanuit die Ou Testament kon verantwoord- Deut. 25:4- *4 Jy mag 'n os nie muilband as hy graan dors nie.*

Die volgende duidelike deel van hoe daar oor die amp gewaak moet word sluit aan by wat ons verlede week ook was. Vermaning en dissipline is in die kerk so nodig. Tog is daar ook min dinge so gevaarlik in 'n kerk wanneer ouderlinge met stories oploop gaan of daar word kwaadwillig met sg. kerklike gesag omgegaan. *19 'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word.* Die kerklike tug is so nodig, dissipline in die kerk van die Here moet gebeur, laat daaroor geen twyfel wees nie. Die reg, ja die reg van God moet altyd kan seëvier. Daarom moet ouderlinge in hulle taak om die gemeente te regeer, uitvoer gee. As herders in die gemeente, maar ook as wagters in die gemeente het ouderlinge ook 'n dubbele opdrag, dubbele eer wat hulle hiervoor moet

ontvang. Alles in opdrag van die Opperherder, Hy wat die Here Jesus Christus is. Jesus die Wagter wat oor die wagters, die ouderlinge in sy diens sal toesig hou.

***

In die kerk as dit nie gaan om eer nie, maar om sonde dan mag daar nooit ligtelik daarmee omgegaan word nie. Kwaadwilligheid is in die kerk nie onbekend nie. Mense hou in baie gevalle nie van wie ouderling is of wie predikant is nie, dit is nou maar net so. Deur al die eeue was dit nog so. Paulus self het dit ook in die stad Korinte ervaar. Veral waar die predikant/ouderling in God se diens sy dienswerk met groot erns en nougesetheid doen. Dit gee dikwels aanstoot dan soek mense redes om hulleself te regverdig. Daar laat God Hom ook duidelik hoor. Daar moet ondersoek wees, deeglike ondersoek. Dit moet op regsbeginsels gegrond wees, waar die kerklike reg duidelike paaie aandui, weer op die Skrif gegrond hoe daar gewerk moet word.

Tegelyk as dit gaan om kwaadwilligheid, mense wil hulleself op hulle eie manier laat geld, moet die ouderlinge wakker wees deur die sonde om te draai en die kwaadwillige storie draer en manteldraaier openlik te bestraf sodat ook die ander afgeskrik kan word. Hoe duidelik stel hy dit in vers 20... *20 Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf sodat die ander ook afgeskrik kan word.* Dit sê vir ons wanneer ouderlinge getug moet word moet dit eintlik nog skerper toegepas word as by die res van die gemeente. Hoe het Paulus vir Petrus ’n keer openlik in ’n vergadering baie skerp tereggewys en getug toe Petrus kanse gevat het. Galasiërs 2 vers 14 skryf Paulus - *14 Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: “Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?”*

***

Die beginsel is duidelik openbare sondes moet in die openbaar aangespreek word. So waak ons oor die ampte. Op die wyse besef die hele gemeente ons staan voor die heilige God wat nie met Hom laat speel nie. Ananias en Saffira van wie ons in Handelinge 5 lees het gedink hulle vertel ’n spoggerige leuen rondom hulle kerklike bydraes. Eers het Ananias op die plek dood neergeval en later sy vrou op dieselfde plek oor dieselfde leuen gedood. Die volk se reaksie op hierdie ingrypende gebeurtenis staan ook geskrywe. Hand 5 eers vers 11 ... *11 Die hele gemeente en al die ander mense wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.* Vers 13 staan ook dat *die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag.*

Ons besef gewilde predikers wat gewilde boodskappe bring, moet my twee maal laat dink is ek werklik by die regte adres van die ware kerk.  Heilige erns in God se diens is ononderhandelbaar.  Heilige erns staan nooit in die pad van groei nie, maar besef ons dit is die Here se Kerk.  Hy alleen kan die groei gee.  Ons moet net doen wat God van ons verwag. Na Ananias en Saffira se verskriklike straf uit die gemeente oor hulle gekom, was baie mense afgeskrik maar aan die ander kant laat God die wonder gebeur, vers 14 -  *14 Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg.*  Dit is nie 'n vinnige proses nie, wel 'n algaande proses, 'n proses wat God die pas en die pad aandui.

***

Ons besef die heilige erns waarmee daar oor die amp gewaak moet word, sluit ook in dat ons moet seker maak, as kerkraad en gemeente dat iemand geskik is om te dien, voordat hy toegelaat word.  Vers 22 stel dit-  *22 Moenie iemand oorhaastig die hande oplê en jou so aan die sondes van 'n ander medepligtig maak nie. Sorg dat jy onberispelik bly.*  Die ampte is nie vir almal bedoel nie.  Daarom moet ons as kerk ook nooit die fout maak om mense te vinnig in die amp te bevestig nie.  Ons wat mekaar se wagters is, moet ook op die wyse oor mekaar die wag hou om te bepaal of broeders  wel aan daardie vereistes voldoen wat Paulus al in hfst. 3 vir Timotheus baie mooi uiteengesit het.  Ons hou ook oor mekaar die wag, ook wat in vandag se hoofstuk in vv. 24-25 staan-  *24 Party mense sondig so openlik dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel toe. By ander kom die sondes eers later aan die lig. 25 So is dit ook met goeie dade: almal kan dit sien. En dié wat nie sigbaar is nie, kan nie verborge gehou word nie.*

Hierdie deel in vv. 24-25 laat ons ook by ons laaste gedagte vandag die vraag vra-

***<u>Hoe ek oor myself die wag moet hou?</u>***

In vers 22 was al die opdrag- *sorg dat jy onberispelik bly....* Die 2020 Vertaling stel dit – *Hou jouself rein...* Elkeen moet oor homself die wag kan hou.  Die geestelike dinge en die liggaamlike dinge is so op mekaar aangewys.  Ook as Timotheus die aanbeveling hoor *Moenie langer net water drink nie. Gebruik 'n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede.*  Ons liggame is tempel van die Heilige Gees.  Die Here wil deur sy Gees in ons woon.  'n Woning waarin God die ruimte in jou wil maak dat daar vir Hom ruimte in jou sal wees.  In die opsig moet ek anders wees as die mense wat so openlik sondig dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel toe. U ken ook sekerlik sulke mense.  Dit is die een

sonde op die ander, 'n aanmekaar se gevloek, lastering van God se Naam pla hulle nie die minste nie. In sulke geselskap moet ons nie wil tuis wees nie. Dit is mense wat beslis nie oor hulleself die wag hou nie. Dan wys Paulus ook vir Timotheus op daardie mense wat die sonde vir lank weggesteek word; die kerkorde noem dit heimlike sondes. Daar waar ons die kat in die donker knyp, weet maar die heimlike word later openbaar al probeer ek dit dalk so goed wegsteek. Die Here maak dit duidelik ... *By die ander kom dit eers later in die lig ...*

Die liggaam is nie gemaak vir hoerery nie (1 Kor. 6:13 ... *En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam*) so is dieselfde liggaam nie gemaak vir drankverslawing nie. Tog as dit gaan om die regte drankgebruik dan word dit juis deur die Here aanbeveel. Baie plekke in God se Woord word ons gewaarsku teen dronkenskap en brassery, want drankmisbruik kan baie slegte dinge teweegbring; die lelikste van mens-wees word baie keer deur drankmisbruik aangehelp. Tog wanneer Timotheus aangespoor word tot die regte gebruik dan rus daar 'n seën daarop. God skenk ook genesing waar ons dinge reg doen en God sy eer daarvoor gee.

So moet elkeen oor homself/haarself die wag kan hou. Ons liggame is en bly vir die Here kosbaar. Hy het dit gemaak hoe sal dit nie vir Hom kosbaar wees nie. Hy het selfs sy enigste Seun die gestalte van 'n mens laat kry. 'n Mens in 'n menseliggaam wat geen twyfel laat hoe kosbaar ons vir God is nie. Daarom werk mooi met wat vir God kosbaar is, sy beeld, sy gelykenis word in die lewensveld van ons liggame weerspieël. God se geregtigheid, sy trou, sy liefde, sy genade moet in die ampte, maar ook in die lewe van elkeen in die kerk, net soveel in die erediens van die lewe gesien kan word. As jou lewe nie 'n erediens is nie, hoe sal jou diens in die kerk dit kan wees, nog minder sal die ampte dan diensbaar kan wees. Mag God ons daartoe help. Soos ons by die bevestiging in die amp dit altyd met die hart moet kan sê – SO HELP MY GOD!

AMEN